043891|X

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

HUMANITAS
RGN•HSRC

VERVALDATUM/DATE DUE

-08- 31
1985 -05- 30
1985 -07- 31
1988 -08- 31
1989 -04- -5

182572186F

000050980 2

2844363866

# INVLOED VAN TELEVISIE OP DIE IKE, SOSIALE EN FORMELE VERANDERD AGT-SEUNS EN -MEISIES

P.C. VAN ZYL, *B.A.*, *M.Ed.*

JT VIR KOMMUNIKASIENAVORSING
REKTEUR: *DR. P.C.J. JORDAAN*

Pretoria
1979

NAVORSINGSBEVINDINGNR. *KOMM-N-18*
*ISBN 0 86965 590 6*

*Kopiereg voorbehou*

*Prys:* R0,65

001.3072068 HSRC KOMM N 18
*050980*

RGN BIBLIOTEEK
LIBRARY HSRC

1979 -08-30

STANDKODE
001.3072068
HSRC KOMM N 18
BESTELNOMMER
G

AANWINSNOMMER
043891

X

ERKENNING


Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding vervat is, is verkry van die projek KOMM 11 wat daargestel is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skool=gaande jeug is.

Hierdie data is verkry van skole in al vier provinsies en derhalwe word dank aan die volgende persone en instansies oorgedra:

Die Komitee van Onderwyshoofde wat aanvanklik toestemming gegee het dat die projek geloods mag word;

die hoofde van skole en hulle personeel wat as toetsafnemers opgetree het;

die skoolsielkundiges van die Skoolsielkundige en Spesiale Dienste van die verskillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van die toetsafnemers;

die leerlinge wat as respondente opgetree het.

Die volgende persone dien tans in die ad hoc-komitee insake projek KOMM 11:

| | |
|---|---|
| Dr. J.D. Venter (Voorsitter) | Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing |
| Prof. T.L. de Koning | Randse Afrikaanse Universiteit |
| Dr. I.Z. Engelbrecht | Departement van Nasionale Opvoeding |
| Prof. D. Joubert | Universiteit van Stellenbosch |
| Mnr. P.W. Mans | Natalse Onderwysdepartement |
| Prof. N.J. Mentz | Transvaalse Onderwysdepartement |
| Mnr. B. Olivier | Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop |
| Mnr. D.J.L. Pretorius | SAUK |
| Prof. C. Rip* | Universiteit van Suid-Afrika |
| Mnr. F. Swanepoel | OVS-Onderwysdepartement |
| Mnr. G. Yssel | SAUK |
| Dr. D.P. Conradie | Instituut vir Kommunikasienavorsing |
| Dr. P.C.J. Jordaan | Instituut vir Kommunikasienavorsing |
| Dr. C.R. Liebenberg | Instituut vir Opvoedkundige Navorsing |
| Mev. E.M. Madge | Instituut vir Psigometriese Navorsing |
| Dr. W.L. Roos | Instituut vir Mannekragnavorsing |
| Mnr. A.R. van den Berg | Instituut vir Psigometriese Navorsing |

Die statistiese verwerkings vir die ondersoek is gedoen deur die RGN se Insti=tuut vir Statistiese Navorsing, en die redaksionele werk deur die Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste.


---

*Intussen oorlede

INHOUDSOPGAWE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 2 | DOEL | 3 |
| 3 | METODE VAN ONDERSOEK | 3 |
| 3.1 | STEEKPROEF | 3 |
| 3.2 | MEETINSTRUMENTE | 4 |
| 3.3 | EKSPERIMENTELE ONTWERP | 5 |
| 4 | RESULTATE | 7 |
| 4.1 | SOSIALITEIT - S: KOMPONENT 9 | 12 |
| 4.2 | MORELE INSLAG : KOMPONENT 10 | 12 |
| 4.3 | GESONDHEID : KOMPONENT 5 | 13 |
| 4.4 | GEWENSTHEIDSKAAL: KOMPONENT 12 | 13 |
| 5 | SAMEVATTING | 13 |
| 6 | BIBLIOGRAFIE | 15 |

# 1 INLEIDING

Die gegewens wat in hierdie navorsingsbevinding aangebied word, vorm 'n onderdeel van 'n omvattende projek wat deur die Instituut vir Kommunikasienavorsing onderneem word om die invloed van televisie op die skoolgaande jeug te bepaal. Die omvattende ondersoek spruit voort uit die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek insake aangeleenthede betreffende Televisie en van die Tegniese Advieskomitee van die SAUK, naamlik dat navorsing onderneem word oor die sosio-kulturele struktuur van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en die invloed wat televisie daarop kan hê.

Die projek strek oor 'n termyn van agt jaar, naamlik 1974 tot 1981, en word uitgevoer ten opsigte van leerlinge in standerd 3 tot 10. Van die standerd 3- en standerd 6-leerlinge wat by die eerste opname (1974) ingesluit is, word jaarliks opgevolg tot hulle standerd 10 bereik het. Hiernaas is vir kontroledoeleindes 'n aantal leerlinge in 1974, 1975 en 1976 in die ondersoek betrek.

Die gegewens word deur middel van vraelyste en gestandaardiseerde toetse wat deur die leerlinge self onder toesig van opgeleide onderwysers ingevul word, ingewin. 'n Verskeidenheid aspekte soos persoonlikheid, verhoudinge (persoonlik, sosiaal, huislik en formeel), studiegewoontes en -houdings, sosiale gedrag, waarde-oriëntasies en tydbenutting, word bestudeer. In hierdie navorsingsbevinding word daar slegs gerapporteer oor verhoudinge en die invloed wat televisie daarop mag hê.

Om verhoudinge te stig (relasionaliteit) is vir Landman en Gous (1969) een van die mees fundamentele handelinge van die mens. Fouché en Grobbelaar (1971) wys daarop dat die individu gedurig in wisselwerking is met homself en met die omgewing, en dat daar dus verhoudinge tussen die individu en die omgewing sowel as binne die individu bestaan. Laasgenoemde outeurs omskryf aanpassing dan ook as die dinamiese proses waardeur 'n persoon deur middel van volwasse, doeltreffende en gesonde gedrag streef om sy innerlike behoeftes te bevredig en terselfdertyd die eise wat deur die omgewing gestel word, suksesvol te hanteer, ten einde 'n harmonieuse verhouding tussen die self en die omgewing te bewerkstellig. Gesonde aanpassing dui dan ook vir hulle op die ontwikkeling van gesonde verhoudinge binne die self en tussen die self en die omgewing.

Indien daar spesifiek aan die kind gedink word, kan 'n groot verskeidenheid verhoudinge onderskei word. Fouché en Grobbelaar (1971) noem onder meer die volgende:

(a) Persoonlike verhoudinge; dit is daardie intra-persoonlike verhoudinge wat van primêre belang in aanpassing is, byvoorbeeld selfvertroue, eiewaarde, selfbeheer en dergelike meer.

(b) Huislike verhoudinge; dit is verhoudinge binne die huisgesin wat deur die kind as afhanklike ervaar word.

(c) Sosiale verhoudinge; dit is daardie verhoudinge waardeur die kind op harmonieuse en informele wyse by die sosiale omgewing inskakel.

(d) Formele verhoudinge; dit is verhoudinge wat in formele situasies voorkom, byvoorbeeld die skool.

Alhoewel die kind by die stigting van verhoudinge gesteun word deur onder meer die gesin, die skool en die kerk, is hy steeds blootgestel aan 'n verskeidenheid omgewingsinvloede, soos byvoorbeeld die massamedia, wat ook 'n rol in die verband mag speel. Weis, soos aangehaal deur Brown (1976), kom tot die gevolgtrekking dat: "Television is more likely to reinforce or bring to the surface existing family relations than to create new ones" (p. 186). Die sosiale verhoudinge van die kind kan moontlik ook deur televisie beïnvloed word. Brown (1976) meen dat: "Communications media are potential agencies of socialization because they too, like family, school and peers, direct information towards the child and present him with examples of behavior". Hierdie sosialisering deur onder meer televisie, geld veral vir die tienderjariges soos deur Maletzke (1959) in Duitsland aangetoon is.

Uit die beskikbare literatuur blyk egter dat die aangeleentheid van verhoudinge en televisie se moontlike rol in die opsig, nog nie veel aandag geniet het nie. Indien vasgestel kan word by watter verhoudinge televisie 'n rol speel, sal dit meer lig werp op die moontlike effek van televisie op die vorming van die kind. In die verband wys Cammaer, Sonneville en Verboven (1972) daarop dat: "Daar waar de televisie in een gezin wordt binnengelaten verandert de samestelling van dit gezin, wijzigen zich de onderlinge verhoudingen van de gezinsleden, wordt de relatie met de buitenwereld fundamenteel anders" (p. 11).

'n Moontlike wyse om vas te stel by watter verhoudinge televisie wel 'n rol speel, is om ten opsigte van verskillende verhoudinge te bepaal hoe kinders sodanige verhoudinge beleef: Byvoorbeeld in watter mate 'n kind meen dat sy formele verhoudinge tot gesagsfigure en medeleerlinge suksesvol is. 'n Vergelyking tussen televisiekykers en nie-televisiekykers mag dan moontlik 'n aanduiding gee of televisiekykers hul verhoudinge meer positief of meer negatief beleef in vergelyking met leerlinge wat nie televisie kyk nie. 'n Meetinstrument wat hom daartoe leen om in so 'n ondersoek gebruik te word, is die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys (PHSF).

## 2 DOEL

Die doel met hierdie ondersoek is om die korttermyninvloed* van televisie op die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge van die volgende groepe standerd agt-seuns en -meisies te bepaal:

a) Standerd agt-seuns uit die hoër sosio-ekonomiese statusgroep.

b) Standerd agt-seuns uit die laer sosio-ekonomiese statusgroep.

c) Standerd agt-meisies uit die hoër sosio-ekonomiese statusgroep.

d) Standerd agt-meisies uit die laer sosio-ekonomiese statusgroep.

## 3 METODE VAN ONDERSOEK

### 3.1 STEEKPROEF

Die gegewens waaroor daar in hierdie navorsingsbevinding gerapporteer word, is gedurende 1974 en 1976 ingesamel tydens die omvattende ondersoek wat in provinsiale skole van die vier provinsies van die RSA onderneem is. 'n Steekproef van 4 491 standerd ses-leerlinge wat ten opsigte van die volgende veranderlikes gestratifiseer is, is in 1974, dit wil sê voor die instelling van televisie, getrek: Geslag, taal van onderrig, stedelike en nie-stedelike ligging van die skole wat deur die leerlinge bygewoon is, asook die provinsie waarin die skole geleë is. Die meerderheid van die kinders is in 1976, dus na die instelling van televisie, weer betrek.

Vir doeleindes van hierdie ondersoek is daar uit die breë steekproef 'n seleksie gemaak van Afrikaans- en Engelssprekende dagskoliere wat in

---

*Korttermyninvloed verwys in hierdie bevinding na die invloed van televisie gedurende die eerste jaar van uitsending.

huise en/of woonstelle woon. Die feit dat leerlinge in 'n losieshuis of hotel, in 'n koshuis, in 'n kinderhuis, in 'n karavaan of ander tipe woonplek bly, mag meebring dat hulle sosiale en huislike verhoudinge anders sal wees as dié van leerlinge wat in huise of woonstelle bly. Aangesien leerlinge in Natal nie die PHSF-vraelys in geheel ingevul het nie, word hierdie leerlinge se gegewens nie in die ondersoek gebruik nie. Die leerlinge is verdeel in 'n groep wat in daardie stadium (1976) reeds televisie gekyk het (die eksperimentele groep) en een wat toe nog nie televisie gekyk het nie (kontrolegroep). Die eksperimentele en kontrolegroep is verder onderverdeel volgens sosio-ekonomiese status en geslag. Die beroepsindeling van Strÿdom (1971) is gebruik om die leerlinge in hoër en laer sosio-ekonomiese statusgroepe in te deel. Leerlinge wat aangedui het dat hul vaders se beroepe in die hoogste en middelste beroepstatuskategorieë val, vorm die hoër sosio-ekonomiese statusgroep. Die laer sosio-ekonomiese statusgroep word gevorm deur leerlinge wie se vaders se beroepe in die laagste beroepstatuskategorie val (Strÿdom, 1971, p. 29).

By die eksperimentele groepe is dié leerlinge ingesluit wat tuis oor televisiestelle beskik en wat gedurende weeksdae en/of naweke televisie gekyk het. Respondente wat nie tuis oor 'n televisiestel beskik het nie, maar wat wel elders gekyk het (kuierkykers), is nie ingesluit nie. Die kontrolegroepe bestaan dus uit respondente wat nie tuis oor televisiestelle beskik het nie en ook nie elders toegang tot televisie gehad het nie. Die eksperimentele groepe bestaan uit 314 seuns en 295 meisies in die hoër sosio-ekonomiese statusgroep, asook 299 seuns en 244 meisies in die laer sosio-ekonomiese statusgroep, terwyl die kontrolegroepe bestaan uit 49 seuns en 59 meisies uit die hoër sosio-ekonomiese statusgroep en 48 seuns, asook 79 meisies uit die laer sosio-ekonomiese statusgroep.

## 3.2 MEETINSTRUMENTE

Gegewens wat in hierdie ondersoek gebruik word, is met die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys (PHSF) ingesamel. Die doel met die PHSF-verhoudingevraelys is om deur middel van 11 komponente die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge van hoërskoolleerlinge, studente en volwassenes te meet, ten einde die mate van aanpassing te bepaal. 'n Gewenstheidskaal, wat 'n aanduiding gee van die eerlikheid waarmee die vrae beantwoord is, is ook by die vraelys ingesluit.

Die mate van aanpassing van 'n persoon in elkeen van die onderskeie komponente van aanpassing word bepaal deur hoe dikwels sy responsies doeltreffend of ondoeltreffend is in verhouding met die self of met die omgewing. Hoe hoër die gemiddelde telling hoe beter is die aanpassing ten opsigte van daardie aspek wat deur die komponent gemeet word.

Elke komponent bestaan uit 15 items, dit wil sê 'n totaal van 180 items vir die vraelys. Die halfverdelingsmetode is gebruik om 'n aanduiding van die betroubaarheid vir elke komponent van die vraelys te verkry. Die betroubaarheidsindekse vir standerd 8-seuns wissel van 0,63 tot 0,94 en vir meisies van 0,68 tot 0,89 wat as bevredigend tot goed beskou kan word. Uit 'n ondersoek wat met die voorlopige vorm van die PHSF uitgevoer is, blyk dat die vraelys 'n hoë mate van konstrukgeldigheid toon.

Die elf komponente van aanpassing, wat in vier hoof aanpassingsgebiede verdeel is, is soos volg:

Persoonlike verhoudinge:

Selfvertroue, Eiewaarde, Selfbeheer, Senuweeagtigheid en Gesondheid.

Huislike verhoudinge:

Gesinsinvloede en Persoonlike Vryheid.

Sosiale Verhoudinge:

Sosialiteit - G - Die behoefte aan sosiale groepsverkeer.

Sosialiteit - S - Die mate waarin die persoon die behoefte het om met die teenoorgestelde geslag sosiaal te verkeer.

Formele Verhoudinge

## 3.3 EKSPERIMENTELE ONTWERP

Daar word in hierdie navorsingsbevinding gebruik gemaak van 'n toets-hertoetsontwerp met een kontrolegroep wat skematies soos volg daar uitsien:

FIGUUR 1

EKSPERIMENTELE ONTWERP: TOETS-HERTOETS MET KONTROLE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Eksperimentele groep (1974) (Voor instelling van televisie) | HOËR SES | | Kontrolegroep (1974) (Voor instelling van televisie) | HOËR SES | |
| | Seuns (A1a) | Meisies (A1b) | | Seuns (B1a) | Meisies (B1b) |
| | LAER SES | | | LAER SES | |
| | Seuns (C1a) | Meisies (C1b) | | Seuns (D1a) | Meisies (D1b) |

Instelling van televisie

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Eksperimentele groep (1976) (Na instelling van televisie) | HOËR SES | | Kontrolegroep (1976) (Na instelling van televisie) | HOËR SES | |
| | Seuns (A2a) | Meisies (A2b) | | Seuns (B2a) | Meisies (B2b) |
| | LAER SES | | | LAER SES | |
| | Seuns (C2a) | Meisies (C2b) | | Seuns (D2a) | Meisies (D2b) |

Alhoewel hier met geselekteerde groepe gewerk word wat ten opsigte van enkele biografiese veranderlikes gelykgestel is, soos onder paragraaf 3.1 aangedui, mag dit wees dat daar vanweë ander faktore by sommige kom= ponente van die PHSF verskille tussen die eksperimentele en kontrole= groepe voor die instelling van televisie (dit wil sê in 1974) voorgekom het. Ten einde hierdie probleem te oorbrug, word deurgaans van ko-varian= sieontleding gebruik gemaak om by elke komponent van die PHSF die tel= lings van die eksperimentele en kontrolegroepe in 1976 te korrigeer ten opsigte van die ooreenstemmende groepe in 1974. Ten opsigte van die seuns word die korreksies soos volg aangebring: A2a en B2a word gekorrigeer ten opsigte van A1a en B1a en so ook C2a en D2a ten opsigte van C1a en D1a. Dieselfde prosedure word gevolg ten opsigte van die meisies, naamlik: A2b en B2b word gekorrigeer ten opsigte van A1b en B1b en so ook C2b en D2b ten opsigte van C1b en D1b. Die gekorrigeerde tellings van die eks= perimentele en kontrolegroepe word dan ondersoek vir betekenisvolle ver= skille deur middel van 'n F-toets. Slegs verskille wat betekenisvol is op die 5%-vlak en beter, word vir die doel van hierdie navorsingsbevinding as statisties betekenisvolle verskille aanvaar en sal dus beskou word as ver= skille wat teweeggebring is as gevolg van die blootstelling van die leer= linge aan televisie.

## 4. RESULTATE

In tabelle 1 en 3 word die gegewens van die hoër sosio-ekonomiese status= groepe (seuns en meisies onderskeidelik) verstrek ten opsigte van elkeen van die twaalf komponente van die PHSF-Verhoudingevraelys. By elkeen van die komponente word die gemiddelde voor-televisietellings, die ge= middelde na-televisietellings, asook die gekorrigeerde na-televisietellings van die eksperimentele en kontrolegroepe gegee. Die F-waarde (soos be= reken vanaf die variansie-ontleding) vir die gekorrigeerde na-televisie= tellings word ook verstrek. Dieselfde aanbiedingswyse word gevolg ten opsigte van die laer sosio-ekonomiese statusgroepe en die gegewens verskyn in tabel 2 (seuns) en tabel 4 (meisies).

TABEL 1

GEMIDDELDE TELLINGS VAN SEUNS UIT DIE HOëR SOSIO-EKONOMIESE STATUSGROEP OP DIE KOMPONENTE VAN DIE PHSF-VERHOUDINGEVRAELYS VOOR EN NA DIE INSTELLING VAN TELEVISIE

| Komponent | Tellings | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Soort | Gemiddelde Telling | | F-Telling |
| | | Eksperimentele groep | Kontrolegroep | |
| 1. Selfvertroue | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 27,124<br>28,669<br>28,590 | 25,837<br>27,510<br>28,018 | 0,600 |
| 2. Eiewaarde | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 23,981<br>24,379<br>24,330 | 23,102<br>24,000<br>24,314 | -0,001 |
| 3. Selfbeheer | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 25,847<br>26,035<br>26,016 | 25,531<br>26,898<br>27,027 | 2,208 |
| 4. Senuweeagtigheid | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 24,669<br>25,554<br>25,521 | 24,102<br>25,408<br>25,617 | 0,025 |
| 5. Gesondheid | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 30,570<br>32,153<br>32,047 | 29,306<br>31,531<br>32,211 | 0,042 |
| 6. Gesinsinvloede | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 30,525<br>28,175<br>28,164 | 30,504<br>28,369<br>29,686 | 3,459 |
| 7. Persoonlike Vryheid | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 28,459<br>30,583<br>30,480 | 27,000<br>29,918<br>30,581 | 0,012 |
| 8. Sosialiteit - G | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 25,029<br>25,019<br>24,958 | 24,286<br>24,367<br>24,697 | 0,090 |
| 9. Sosialiteit - S | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 23,857<br>29,446<br>29,427 | 23,551<br>27,878<br>27,999 | 1,043 |
| 10. Morele Inslag | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 29,191<br>27,099<br>27,152 | 29,898<br>30,082<br>29,737 | 10,601** |
| 11. Formele Verhoudinge | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 25,994<br>25,360<br>25,319 | 25,347<br>25,306<br>25,564 | 0,107 |
| 12. Gewenstheidskaal | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 18,210<br>18,634<br>18,660 | 18,612<br>17,510<br>17,344 | 4,475* |

*$p <$ 0,05
**$p <$ 0,01

TABEL 2

GEMIDDELDE TELLINGS VAN SEUNS UIT DIE LAER SOSIO-EKONOMIESE STATUSGROEP OP DIE KOMPONENTE VAN DIE PHSF-VERHOUDINGEVRAELYS VOOR EN NA DIE INSTELLING VAN TELEVISIE

| Komponent | Tellings | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Soort | Gemiddelde Telling | | F-Telling |
| | | Eksperimentele groep | Kontrolegroep | |
| 1. Selfvertroue | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 25,852<br>27,144<br>27,181 | 26,354<br>26,708<br>26,531 | 0,696 |
| 2. Eiewaarde | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 23,345<br>23,585<br>23,593 | 23,438<br>22,646<br>22,609 | 1,824 |
| 3. Selfbeheer | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 25,987<br>26,288<br>26,292 | 26,042<br>26,333<br>26,312 | 0,003 |
| 4. Senuweeagtigheid | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 23,432<br>24,428<br>24,570 | 24,938<br>25,063<br>24,388 | 0,053 |
| 5. Gesondheid | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 29,354<br>31,017<br>31,067 | 29,875<br>30,396<br>30,156 | 0,967 |
| 6. Gesinsinvloede | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 30,052<br>28,266<br>28,208 | 29,521<br>27,438<br>27,714 | 0,297 |
| 7. Persoonlike Vryheid | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 26,799<br>29,349<br>29,299 | 26,333<br>27,208<br>27,447 | 3,732 |
| 8. Sosialiteit - G | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 23,987<br>23,760<br>23,792 | 24,313<br>22,417<br>22,263 | 2,502 |
| 9. Sosialiteit - S | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 24,402<br>29,109<br>28,810 | 21,396<br>26,083<br>27,509 | 0,850 |
| 10. Morele Inslag | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 29,489<br>27,642<br>27,711 | 30,229<br>30,063<br>29,741 | 5,912* |
| 11. Formele Verhoudinge | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 26,026<br>25,205<br>25,215 | 26,125<br>25,604<br>25,554 | 0,215 |
| 12. Gewenstheidskaal | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 17,638<br>18,162<br>18,107 | 16,896<br>17,458<br>17,719 | 0,323 |

*p < 0,05

TABEL 3

GEMIDDELDE TELLINGS VAN MEISIES UIT DIE HOëR SOSIO-EKONOMIESE STATUSGROEP OP DIE KOMPONENTE VAN DIE PHSF-VERHOUDINGEVRAELYS VOOR EN NA DIE INSTELLING VAN TELEVISIE

| Komponent | Tellings | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Soort | Gemiddelde Telling | | F-Telling |
| | | Eksperimentele groep | Kontrolegroep | |
| 1. Selfvertroue | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 25,332<br>26,749<br>26,667 | 24,559<br>25,559<br>25,967 | 1,148 |
| 2. Eiewaarde | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 21,207<br>20,892<br>20,818 | 20,390<br>20,271<br>20,643 | 0,064 |
| 3. Selfbeheer | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 24,868<br>25,186<br>25,284 | 25,949<br>25,407<br>24,915 | 0,323 |
| 4. Senuweeagtigheid | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 23,776<br>23,875<br>23,830 | 23,271<br>22,763<br>22,987 | 1,380 |
| 5. Gesondheid | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 29,051<br>31,220<br>31,142 | 28,288<br>29,000<br>29,389 | 5,397* |
| 6. Gesinsinvloede | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 30,159<br>27,369<br>27,226 | 28,831<br>27,136<br>27,853 | 0,429 |
| 7. Persoonlike Vryheid | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 28,661<br>31,081<br>30,871 | 26,831<br>30,119<br>31,167 | 0,089 |
| 8. Sosialiteit - G | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 24,942<br>25,627<br>25,464 | 23,288<br>23,085<br>23,904 | 3,577 |
| 9. Sosialiteit - S | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 21,346<br>27,661<br>27,608 | 20,661<br>24,915<br>25,180 | 4,380* |
| 10. Morele Inslag | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 31,576<br>30,834<br>30,974 | 32,898<br>32,915<br>32,217 | 2,982 |
| 11. Formele Verhoudinge | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 26,675<br>26,698<br>26,678 | 26,508<br>25,797<br>25,896 | 1,204 |
| 12. Gewenstheidskaal | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 17,675<br>17,556<br>17,549 | 17,593<br>17,305<br>17,340 | 0,122 |

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

*p < 0,05
**p < 0,01

TABEL 4

GEMIDDELDE TELLINGS VAN MEISIES UIT DIE LAER SOSIO-EKONOMIESE STATUSGROEP OP DIE KOMPONENTE VAN DIE PHSF-VERHOUDINGEVRAELYS VOOR EN NA DIE INSTELLING VAN TELEVISIE

| Komponent | Tellings | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Soort | Gemiddelde Telling | | F-Telling |
| | | Eksperimentele groep | Kontrolegroep | |
| 1. Selfvertroue | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 24,561<br>26,426<br>26,483 | 24,962<br>26,481<br>26,304 | 0,081 |
| 2. Eiewaarde | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 20,385<br>20,201<br>20,352 | 21,570<br>21,392<br>20,927 | 0,861 |
| 3. Selfbeheer | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 25,262<br>25,311<br>25,477 | 26,557<br>26,519<br>26,006 | 0,724 |
| 4. Senuweeagtigheid | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 23,045<br>23,123<br>23,387 | 24,848<br>24,823<br>24,009 | 0,768 |
| 5. Gesondheid | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 28,561<br>30,270<br>30,481 | 30,013<br>31,430<br>30,777 | 0,183 |
| 6. Gesinsinvloede | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 29,848<br>27,602<br>27,802 | 31;063<br>29,000<br>28,383 | 0,427 |
| 7. Persoonlike Vryheid | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 26,754<br>29,213<br>29,359 | 27,684<br>28,861<br>28,408 | 1,006 |
| 8. Sosialiteit - G | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 23,717<br>24,820<br>24,848 | 23,886<br>24,114<br>24,028 | 0,914 |
| 9. Sosialiteit - S | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 20,365<br>26,406<br>26,045 | 17,329<br>21,139<br>22,253 | 10,126** |
| 10. Morele Inslag | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 31,213<br>31,086<br>31,173 | 31,975<br>32,848<br>32,579 | 3,939* |
| 11. Formele Verhoudinge | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 26,566<br>26,471<br>26,569 | 27,367<br>27,190<br>26,886 | 0,276 |
| 12. Gewenstheidskaal | Voor TV<br>Na TV<br>Na TV (gekorrigeerd) | 17,762<br>17,664<br>17,525 | 16,582<br>16,304<br>16,734 | 1,956 |

*p < 0,05
**p < 0,01

Uit die F-waardes in die voorgaande tabelle blyk dat daar slegs by enkele komponente van die PHSF statisties betekenisvolle verskille tussen die eksperimentele- en kontrolegroepe voorgekom het. Alhoewel hierdie verskille ook nie baie groot is nie, is daar tog sekere ten= dense wat in aanmerking geneem behoort te word.

## 4.1 SOSIALITEIT - S: KOMPONENT 9

Volgens die F-waardes in tabelle 3 en 4 is statisties betekenisvolle verskille tussen die televisiekykers (eksperimentele groep) en nie-tele= visiekykers (kontrolegroep) by meisies in die hoër sowel as in die laer sosio-ekonomiese statusgroepe verkry. Uit die gekorrigeerde na-televisie= tellings wil dit voorkom of televisiekyk gepaard gaan met 'n verhoging in die gemiddelde telling. Hierdie hoër tellings dui daarop dat die televi= siekykers in groter mate as die nie-kykers behoefte het om met spesifieke persone van die teenoorgestelde geslag sosiaal te verkeer. Garriston, Kingston en Bernard (1968) wys daarop dat namate kinders ouer word, daar by hulle 'n behoefte in hierdie rigting ontwikkel. Dit geld veral ten opsigte van die adolessente tydperk. Hiervolgens kan dus afgelei word dat televisie moontlik hierdie ontwikkeling versnel. Indien in ag geneem word dat meisies die adolessente stadium vroeër bereik as seuns, kan dit moontlik verklaar waarom daar by hierdie opname slegs by hulle betekenis= volle verskille bevind is en nie by die seuns nie.

## 4.2 MORELE INSLAG: KOMPONENT 10

By komponent 10 is bevind dat met die uitsondering van meisies uit die hoër sosio-ekonomiese statusgroep, die gekorrigeerde tellings van die eksperimentele groepe deurgaans (tabelle 1, 2 en 4) laer was as dié van die kontrolegroepe. Die eksperimentele groepe meen dus in mindere mate as die kontrolegroepe dat hulle gedrag ooreenstem met die aanvaarde norme van die samelewing. Hierdie verskynsel kan moontlik aan die invloed van televisie toegeskryf word. Dit mag wees dat via televisie ook norme tot die televisiekykende kind spreek wat hy as geldend vir die samelewing er= vaar. Meyer (1976) het byvoorbeeld in die VSA bevind dat jonger kin= ders onetiese gedrag wat in televisiedramas uitgebeeld word, dikwels as korrek aanvaar. Dié neiging het veral onder kinders voorgekom wat nie die intrige van die verhaal begryp het nie. Hieruit blyk dat dit belang= rik is vir ouers om saam met hulle kinders televisie te kyk en om waar nodig, norme te verklaar en in perspektief te stel.

4.3 GESONDHEID: KOMPONENT 5

Wat komponent 5 betref, blyk uit tabel 3 dat die meisies in die hoër sosio-ekonomiese statusgroep wat aan televisie blootgestel was, minder behep was met hul fisiese gesondheidstoestand as dié wat nie daaraan blootgestel was nie. Hierdie neiging het egter nie by een van die ander groepe voorgekom nie.

4.4 GEWENSTHEIDSKAAL: KOMPONENT 12

Hierdie skaal gee 'n aanduiding van die eerlikheid waarmee die vraelys beantwoord is. Die enigste statisties betekenisvolle verskil is verkry by die seuns uit die hoër sosio-ekonomiese statusgroep. Die gekorrigeerde telling van die eksperimentele groep was in hierdie geval hoër as dié van die kontrolegroep (tabel 1). Uit die voor - en na-televisietellings van al die onderskeie groepe wil dit egter voorkom of die vraelys met 'n be=vredigende mate van eerlikheid beantwoord is.

Sover dit die ander komponente betref is daar geen statisties betekenis=volle verskille onder seuns sowel as meisies uit die hoër - en laer sosio-ekonomiese statusgroepe bevind nie. Daar moet egter steeds in gedagte ge=hou word dat hierdie studie slegs oor die korttermyninvloed van televisie gehandel het. Met die verdere opvolgstudies wat tans onderneem word, mag daar miskien op 'n latere stadium tot groter klaarheid gekom word.

5 SAMEVATTING

Die doel met die ondersoek was om die korttermyninvloed van televisie op die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge van 'n groep standerd agt-leerlinge te bepaal aan die hand van hul response ten opsigte van elkeen van die 11 komponente van die PHSF-verhoudingevraelys. Hoe hoër die gemiddelde telling, hoe beter is die aanpassing ten opsigte van daardie aspek wat deur die komponent gemeet word. Die PHSF bevat ook 'n twaalfde komponent, naamlik 'n gewenstheidskaal, wat 'n aanduiding gee van die eerlikheid waarmee die vraelys beantwoord is.

Die ondersoekgroep is verdeel in 'n eksperimentele groep (televisiekykers) en 'n kontrolegroep (nie-televisiekykers). Hierdie groepe is verder onder=verdeel volgens geslag en sosio-ekonomiese status. Die gemiddelde voor- en na-televisietellings van die eksperimentele en kontrolegroepe is deur middel van ko-variansieontleding ondersoek.

Die vernaamste bevindings was soos volg:

- Die meisies wat televisie gekyk het, het in groter mate as dié wat nie televisie kyk nie, 'n behoefte getoon om met spesifieke persone van die teen= oorgestelde geslag sosiaal te verkeer.

- Seuns uit hoër en laer sosio-ekonomiese statusgroepe asook meisies uit die laer sosio-ekonomiese statusgroep wat aan televisie blootgestel was, het in mindere mate as diegene wat nie aan televisie blootgestel was nie, gemeen dat hulle gedrag ooreenstem met die aanvaarde norme van die samelewing.

Hierdie neigings kan moontlik aan die invloed van televisie toegeskryf word.

Hoewel die respondente die vraelys met 'n bevredigende mate van eerlikheid be= antwoord het, het daar tog 'n betekenisvolle verskil by seuns uit die hoër sosio-ekonomiese statusgroep voorgekom. Die gemiddelde telling van die eksperimentele groep op die gewenstheidskaal was hoër as dié van die kontrolegroep.

## BIBLIOGRAFIE

1. BROWN, R. Children and Television. London, Collier Macmillan, 1976.

2. CAMMAER, H., SONNEVILLE, M., en VERBOVEN, H. Televisiejeugd? Antwerpen - Utrecht, Uitgeverij De Nederlandsche Boekhandel, 1972.

3. FOUCHé, F.A., GROBBELAAR, P.E. Handleiding vir die PHSF-Verhoudinge= vraelys. Pretoria, Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1971.

4. GARRISON, K.C., KINGSTON, A.J., and BERNARD, H.W. The Psychology of Childhood. London, Staples Press, 1968.

5. LANDMAN, W.A., GOUS, S.J. Inleiding tot die Fundamentele Pedagogiek. Johannesburg, Afrikaanse Pers - Boekhandel, 1969.

6. MALETZKE, G. Ferensehen im leben der Jugend. Television in the life of Youth. Hamburg, Hans Bredow Institute, 1959.

7. MEYER, T.P. Impact of 'All in the Family' and Children. Journal of Broadcasting 20:1, Winter 1976.

8. STRŸDOM, H.G. Sosiale status en die verband daarvan met vryetydsaktiwi= teite, houdings en aspirasies van Afrikaanssprekende standerd ses-seuns. Pretoria, Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1971.



043891

Doc. no. 50976
Copy no. 50980

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

m misc                                                      p local

```
Cataloguing
Change document
Full information .. Codes - Monographs
Record status        new        Material type      langmat    Hierarchical lvl none
Verification lvl     full       Catalogue form     fISBD 2    Level of detail  subl 1
Target audience      post       Target audience    no         Target audience  no
Govt publication     no         Modified record    unmod      Medium designatn print-m
Translit code        no tlit    Alphabet of titl   roman-e    Parallelism code no para
Language of cata     eng
Illustratn code      no ill.    Illustratn code    no ill.    Illustratn code  no ill.
Illustratn code      no ill.    Form of contents   textbks    Form of contents none
Form of contents     none       Form of content    none       Conf or mtg code no
Festschrift ind      no         Index indicator    no         Literature code  not lit
Biography code       not bio    Repro form code    notrepr    Physical medium  ordnary
Enter code
                                                                e end
Cataloguing
Change document
Single copy
 1 Location              gen col
 2 Call number           001.3072068
 3 Call number suppl     HSRC KOMM N 18
 4 Notes                 001
 5 Status type           catalog
 6 Loan period           mono
 7 Print requests
   Status date           1984 02 14
   Copy number                50980
   Master number              50976
Enter number or code
                                                                y yes
                                                                e end
Cataloguing
Change document
Notes

  1 holding   43891                                                      1 Notes
Enter number or code
                                                       a add    e end
Cataloguing
Change document
Single copy
 1 Location              gen col
 2 Call number           001.3072068
 3 Call number suppl     HSRC KOMM N 18
 4 Notes                 001
 5 Status type           catalog
 6 Loan period           mono
 7 Print requests
   Status date           1984 02 14
   Copy number                50981
   Master number              50976
Enter number or code
                                                                y yes
                                                                e end
Cataloguing
Change document
Notes

  1 holding   43892                                                      1 Notes
Enter number or code
                                                       a add    e end
```

Cataloguing
Change document
Full information    Document    50976    Status    mono    fISBD 2    new
Die korttermyninvloed van televisie op die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge van standerd agt-seuns en -meisies / P.C. van Zyl. - Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1979.
15 p. ; 30 cm.

Title ser/key: Navorsingsbevinding Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Instituut vir Kommunikasienavorsing    nr. KOMM N 18
ISBN/ISSN/ISRC:0-86965-590-6
Coded info:afr
Names: Van Zyl P.C. Petrus C. / Human Sciences Research Council Institute for Communication Research
Titles: korttermyninvloed van televisie op die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge van standerd agt-seuns en -meisies Die
Publishers: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing Pretoria
Enter code
f forward    c chng    y yes
p local
m misc

Henda
✓
ww 22.2.84

Cataloguing
Change document
Full information    Document    50976    Status    mono    fISBD 2    new
Subjects: Television South Africa Psychological aspects / Television and children / Television and youth
Other numbers: 43891 / 43892
Class numbers: 001.3072068
Notes:  biblnote: Bibliography: p. 15    gen: entered by henda - retro

Title ser/key: proper: sig: NavorsingsbevindingfRaad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Instituut vir Kommunikasienavorsing    nr. KOMM N 18
ISBN/ISSN/ISRC:0-86965-590-6
Coded info:or lang: afr
Names: prim author: multip: Van ZylbP.C.kPetrus C. /
second: ss bod: cor nam: Human Sciences Research CouncilbInstitute for Communication Research
Titles: proper: sig: korttermyninvloed van televisie op die persoonlike, huisl
Enter code
f forward    c chng    y yes
b backwrd    p local
m misc

Cataloguing
Change document
Full information    Document    50976    Status    mono    fISBD 2    new
Titles: proper: sig: korttermyninvloed van televisie op die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge van standerd agt-seuns en -meisies Die
Publishers: publ: Raad vir Geesteswetenskaplike NavorsingaPretoria
Subjects: LCSH  : topical: TelevisionxSouth AfricaxPsychological aspects /
topical: topical: LCSH  : topical: Television and children /
topical: topical: LCSH  : topical: Television and youth
Other numbers: topical: topical: old acc: 43891 / old acc: 43892
Class numbers: ddc nd : 001.3072068
Notes:  biblnote: Bibliography: p. 15    gen: entered by henda - retro
Enter code